# Negester STERRELIG

Nuusblad van Negester Klein-Kariba
Jaargang 4 No. 11 November 2022

## *Tong in die kies....*



ʼn Soldaat het eenmaal by ʼn dorpie aangekom. Hy en sy perd het daar gerus. Die soldaat het belangstellend rondgestap om sy moeë lyf en stywe spiere bietjie te rek.

Terwyl hy so rondstap, sien hy ʼn hele paar wit kringetjies getrek op ʼn houtheining. Nuuskierig stap hy nader…Wat sien hy? In die middel, presies in die middel, van elke kringetjie is daar ʼn koeëlgat. Mmmm, ek is beïndruk, dink hy. Sal moet uitvind wie die skut is wat hierdie akkurate skote skiet.

Na ʼn bietjie rondvra het hy die antwoord:  ʼn Klein seuntjie, met ʼn windbuks, wat homself leer skiet het. "Seun hoe is dit moontlik dat jy so akkuraat kan skiet? Elke koeëlgat presies in die middel van hierdie kringetjies?", vra die soldaat.

ʼn Kordate klein seuntjie antwoord soos volg: "Ag, dit is eintlik maklik. Ek skiet eers na die heining en trek dan ʼn kringetjie rondom elke gaatjie."

*Gusta*

# DIE NAAM NEGESTER



Waar kom die naam "Negester" vandaan?

Dit is oorgeneem uit die gedig **Negester En Stedelig** in die bundel **Negester oor Ninevé** van DJ Opperman.

Maar eers iets oor Opperman self.

Hy is in 1914 in Natal gebore en het na matriek vir onderwyser gestudeer. Hy het vir ʼn kort periode in Natal onderwys gegee en is daarna na Johannesburg. Hy het reeds as skoolkind goeie gedigte geskryf. Die koms van sy en sy vrou se eersteling was die inspirasie van die gedig **Negester En Stedelig**. Opperman se lewensbeskouing was ten dele christelik georiënteerd, maar met baie vrae en verskillende interpretasies. Hy het hom aangesluit by die siening van Carel Yung oor die mens se kollektiewe bewussyn. Daar is ook sterk elemente van liberalisme en humanisme van sy siening van die mens en die skepping.

Sy eerste bundel **Heilige Beeste** het heelwat kommentaar uitgelok vanweë sy omstrede godsdienstige beskouings wat in die gedigte voorgekom het. Sommige daarvan is as godslasterlik beskou en daarby is sy gedigte ook as té rasioneel geag – dit is teen die agtergrond van die gedigte van die dertigers, Jan Cilliers, Louis Leipoldt en Totius. Hy het later professor in Afrikaanse letterkunde aan Universiteit van Stellenbosch geword en verdere bundels gedigte gepubliseer. Vanweë sy oormatige gebruik van alkohol (rooiwyn) het hy ernstig verswak en baie siek geword. Nadat hy letterlik by die dood omgedraai het, het hy herstel en toe nog van sy beste gedigte gelewer.

Nou iets oor **Negester**. Onthou hierby die geskiedenis van Jona wat God se opdrag moes uitvoer om die oordeel oor Ninevé te gaan uitspreek; hoe hy oorboord gegooi is, ingesluk is deur ʼn groot vis en weer op die grond beland het en uiteindelik kwaad vir die Here was omdat Ninevé nie verwoes is nie. (is God wispelturig?)

Of Opperman in astrologie geglo het, weet ek nie, maar hy het as wyd belese, intelligente man sekerlik geweet van die sterrebeeld Die Drie Konings wat die gordel van Orion vorm en ook van die galaksie Andromedeae, algemeen bekend as die sewe konings. Ek is nie bewus van ŉ stelsel met nege sterre nie en wonder of Opperman nie destydse die nege planete gebruik het as die nege sterre nie, omdat hulle ook hemelliggame is.

Die titel **Negester** vir ons landgoed is die breinkind van Japie Gouws, ŉ vorige hoofbestuurder van die ATKV. Alhoewel hy ŉ syferman is, het hy groot waardering vir alle kunste, ook die digkuns. Hy het onder andere onlangs al die ou Carfo films ontdek waar dit lank onbekend gelê het.

Wat ek nou oor Negester gaan sê is my eie interpretasie en die lesers is welkom om self ook oor die interpretasie van die teks te besin. Die gedig word hierby volledig aangehaal uit die bundel **Negester oor Ninevé** sodat die leser die bespreking kan volg. Ek verwys na sekere frases in die gedig.

### Negester en stedelig – D.J. Opperman (1914 – 1985)

Terwyl die negesterre en die stedeligte witter
in die donker suidelike nagte óm ons skitter,
slaap jy nog weg in nag en swye
langs mos en varings van oertye:
ŉ see-anemoon waar geel spirale
lig deur water in jou van ŉ Oerson daal,
daal in jou slaap; jy roer,
ŉ vis teen riet en maan se perlemoer;
jy sluimer in ŉ tonnel van die kuil –
ŉ otter in nat holtes nog verskuil;
dan stort jy skielik uit as mens, besitter
van die Negester en stedelig se skitter.

Saans as die rye ligte langs die strate brand
sal jy met wye oë en met kleine hand
vir my bedui en stotterend sê
hoe groot houttolle kabels in diep slote lê;
partymaal sal jy by my tafel neul
om na die sirkus of die mallemeul
te gaan; en vaster om jou groei bioskope,
fabrieke, speurverhale en mynhope;
saans sal die stad se ligte witter
in jou donker siel bly skitter.

Watter kaart of watter ster sal ek jou wys
om veilig deur die grysland heen te reis?
Sal ek van ŉ God praat wat verdoem,
van Christus, en die Tien Gebooie noem?
Voorlopig dan, maar onthou altyd
aan jou dade grens ŉ ewigheid;
gee sin aan voorgeslagte deur die eeue heen,
besef jy is ŉ vegter weer van die begin, alleen;
en mag die Suiderkruis en Negesterre witter
as die stedeligte in jou siel bly skitter.

Opperman en sy vrou verwag hulle eersteling. In die stad Johannesburg spreek hy eers die embrio aan:

"Terwyl die Negesterre en die stedeligte witter in die donker suidelike nagte…. " Let op die mooi gebruik van witter en skitter. Die embrio word ŉ fetus en Opperman vergelyk die moederskoot met ŉ kuil. Die fetus is ŉ vis en ŉ otter. Dan word die kind gebore en sy word ŉ kleuter en as mens "Besitter van die Negester en stedelig se skitter". Die kleintjie merk die kultuurdinge in die omgewing op… "en stotterend sê hoe groot houttolle kabels in diep slote lê". Die kind neul om na die mallemeul te gaan en leer ken bioskope en mynhope – aardse dinge.

Dan wonder Opperman hoe om die kind op te voed: "watter kaart of watter ster sal ek jou wys om veilig deur die grysland heen te reis". Sal ek van ŉ god praat wat verdoem?" (Ninevé). En dan Yung se kollektiewe bewussyn: "Maar onthou altyd aan jou dade grens ŉ ewigheid". Opperman kontrasteer die aardse- en kultuurskeppings met die natuurskeppings en laai sy woorde met diepgaande betekenis. Hy maak kunstig gebruik van alliterasie en assonansie.

Die gedig eindig in die laaste twee reëls met ŉ hoogtepunt: "en mag die suiderkruis en Negesterre witter as die stedeligte in jou siel bly skitter".

*Henk Kruger*

## STERKTE AAN ONS REDAKTEUR



Die lede van Sterrelig redaksie wil graag ons redakteur spoedige herstel toewens met die volgende woorde: *Bemoediging* is voedsel vir ŉ mens se hart, elke hart het elke dag ŉ teelepel daarvan nodig en ŉ mens kan jouself nooit oordoseer nie.

Om te adverteer in Sterrelig:
E-pos vir Nellie Buitendag:
goempieb@gmail.com



# UIT DIE HEV KANTOOR

Ons is weer in die reënseisoen 2022/2023 met bogemiddelde reënval wat voorspel word vir die seisoen.

In die lig hiervan ontstaan die persepsie soms dat daar baie water orals is en dat dit maar net gebruik kan word. Suid-Afrika is oor die algemeen 'n water-arm land en selfs as dit baie nat lyk, is dit nog steeds nodig om water spaarsamig te gebruik. Die volgende paar riglyne is ook in ons Negester reëls en regulasies vervat, maar hier net weer 'n opskerping daarvan:



- Maak seker dat jou besproeiingsisteem reg geprogrammeer is en wel natmaak soos gestel.
- Die beste tyd vir natmaak is tussen 04:00 en nie later as 10:00 nie. Water wat na 10:00 gespuit word verdamp baie vinnig en eintlik mors dit net. Tussen 19:00 en 21:00 in die aand is ook aanvaarbaar, maar wees versigtig vir te veel keer per week, want in die vroegaand is verdamping hoog en onder plante kan dit die groei van swamme bevorder.
- Maak asb. seker dat jou besproeiing 'n reënsensor op het sodat hy nie heeltyd bly natspuit as dit reën nie.
- Lig ook julle tuinwerkers in om nie gedurende die dag die tuinslang oop te los nie.
- Kom ons probeer om die water spaarsamig te gebruik oor die algemeen en wees 'waterwys'.


Vriendelike groete.

HEV Direksie

## Boererate

**Rumatiek:**
Smeer jamaika gemmer aan seer dele.
Smeer aangetaste dele met kanferfoelie.
Meng:
1 t gelatien
1 t heuning
1 k warm water
Drink 1 koppie vol elke dag.

## LAG 'N SLAG



Lewenskoste:
Oupa: "Jannie, wat sê pappa aan tafel voor jul begin eet?"
Jannie: "Stadig met die botter, dit kos R74.00 per 500g."

## Al gedink daaraan. . .



Een masjien **kan** die werk oorneem van vyftig gewone mense,

**MAAR**

**Géén** masjien kan die werk oorneem van een buitengewone mens nie.



Yolanda, Suzette en Santie

Julle is drie buitengewone dames!
"Onmoontlik" is 'n woord wat nie in die woordeboek van Negester se kantoordames bestaan nie.
Julle is staatmakers, baie dankie.

# -Sekuriteit-

### Negester Noodplanoefening




Woensdag 8 November 2022 is ons almal gereed en neem aktief deel aan die Noodplan oefening.

Die inwoners se positiewe ingesteldheid en aktiewe deelname dra by tot 'n baie suksesvolle oefening en so verhoog ons Negester se vlak van paraatheid.
Dankie aan al die Versamelpunt koördineerders vir jul leierskap !

Ons oefening is 'n belangrike element van die Negester Noodplan.
Maar wat behels die Noodplan eintlik?
Die Noodplan bestaan uit:
**Woordomskrywings** van:

- Noodtoestand, Noodgeval, Noodplan en Gebeurlikheidsplanne

**Doel en Doelwitte van die** plan word uiteengesit.
**Noodplan sluit in:**

- Organisatoriese Beheerstruktuur
- Taakomskrywings vir Hoof Koördineerder, Hulp koördineerders, Versamelpunt Koördineerders, Brandspanne ontvangs/ Admin personeel, Beheerbeamptes Sekerheid, Sekuriteitbeamptes, Mediese Koördineerder en Noodhulp helpers
- Voorgeskrewe riglyne vir Noodoptrede en Ontruimingsprosedures.



Gebeurlikheidsplanne en riglyne word omskryf vir:

- Beheerstruktuur
- Noodroep en Mobilisering
- Brandbestryding
- Natuurramp
- Gewelddadige optrede
- Bomdreigemente



Hierdie is 'n " lewendige dokument " en word na elke nood-oefening hersien of soos omstandighede en dreigemente verander.

Nood- en Sekuriteitsbelangegroep.

# ’n Boodskap uit die landgoedkantoor



Die wêreld is weer skoon… al die stof is van die plante afgespoel deur die lekker reën wat ons die laaste paar weke gekry het, ’n nuwe tyd van groei lê voor en ons sien daarna uit om die bosveld weer mooi groen te sien.
Terugvoer oor ’n paar aspekte:
Die proses om die selfoonsein te verbeter vorder goed, ons laaste terugvoer van Vodacom is dat Negester afgebaken en geïdentifiseer is vir ontwikkeling. Vodacom sal ons hopelik binnekort besoek en dan besluit wat hulle opsies is om die sein te verbeter.
By die klubsaal het ons by die sy-ingang trappe gebou en die toegang na die saal is vergemaklik.
Ons het gedurende die laaste 2 maande die wild gevoer en ook op ’n dip-program gehad sodat ons die bosluise bietjie kon beheer. Gedurende die winter is daar van die manlike diere by die Njalas (4) en rooibokke (5) afgehaal sodat ons volgende jaar nuwe bloed kan inbring om inteling teë te werk. Ons kleiner diere soos: eekhorings, nagapies ens. is ook baie aktief na die reën en ons wil dit weer onder almal se aandag bring dat gif nie onverantwoordelik uitgesit moet word nie, en glad nie buite jou huis nie.
By die Kapelhek is daar ’n alternatiewe kragbron aangebring wat die hek nou die vermoë gee om gedurende beurtkrag steeds te werk, d.w.s. as die krag af is, kan ons inwoners nog steeds na en van Klein-Kariba beweeg.
Die sekuriteitsheining is stabiel en werk baie goed, moet asb. nie aan die heining raak nie en onthou al is dit beurtkrag werk die heining nog steeds. Geen insidente is die afgelope maand aangemeld nie. Die patrollies word gereeld geloop en die wagte met die honde patrolleer vanaf skemertyd.
Die einde van die jaar kom baie vinnig nader en ek herinner u daaraan om die boma en saalbesprekings vroegtydig te doen indien u ’n familiefunksie wil reël.
Vir al ons inwoners wat vroeg alreeds met vakansie gaan: julle moet dit geniet en kom veilig terug.
Onthou*: Moenie wag nie, die tyd is nooit presies reg nie.*





Vriendelike groete.

*Dawie van Niekerk (*Landgoedbestuurder)

# NOODNOMMERS

| | |
|---|---|
| **Ambulansdiens Life 24** | **082 040 5003** |
| **Brandweer** | **014 736 8000** |
| **Polisiediens** | **014 736 9760/1** |
| **Stasiebevelvoerder** | **082 565 8512** |
| **Sigbare polisiëring** | **082 414 2704** |
| **Speurtakhoof** | **082 319 9336** |
| **HD Elektries (Dirk)** | **083 660 0319** |
| **Loodgieter (Eric)** | **083 281 7789** |
| **Smart Vision Solar (Willy)** | **078 364 1416** |
| **Suster Delia** | **082 494 2717** |
| **Landgoedbestuurder (Dawie)** | **071 734 3618** |
| **Hospitale** | |
| **Provinsiale hospitaal** | **014 736 7300** |

Enige bydraes vir Sterrelig kan ge-e-pos word aan:
sterrelig9ster@gmail.com



**9’ sterre neem deel in Sterrelig!!!**
Dankie vir al die “outeurs” in Sterrelig!
As jy nog nie jou storie/artikel met ons gedeel het nie, dan is dit nou jou kans….

# EK EN MY

# STOKPERDJIES

## Chris Rademan.



Ek is Christian Johannes Rademan, maar noem my net Chris. Ek hou my uit die kwaad met allerlei besig-hou-dinge:
My nuutste, soos baie ander mense in Negester is:

**LEES**
Ek het begin lees aan Deon Meyer se verhale. Tong in die kies…. ek "leer" lees, want ek vorder slegs 17 bladsye in 'n week!

**LEGO**
Ek bou miniatuur legoblokkies en veral Argitektuur-modelle. Jy word voorsien van 'n bouplan met stap vir stap instruksies. Beplanning is baie noodsaaklik, want as jy blindelings bou, werk jy nie noukeurig nie…. dit gaan jou duur te staan kom! Ek gebruik ook soms 'n vergrootglas, want baie voorwerpe is regtig klein.



Ek het al gebou:
Trafalgar Square met 1200 stukkies.
United States Capital Building met 1800 stukkies.
Dalk Ferrari Daytona SP 3+ ±4300 stukke, enjin, ratkas en al.
Hierdie is uitgestal in 'n mooi glas-spieëlvertoonarea in my huis.
Ek wil nog graag die Withuis bou en Marietjie (my vrou) wil vir my aankoop: Haunted House in Londen.

**DIAMOND DOT ART**
Hierdie aktiwiteit se eindproduk het ek by 'n vriend gesien en besluit dat ek dit ook moet probeer.
Ek wou natuurlik nie net "sommer" 'n artikel koop en voltooi nie. Dit moes met my praat en funksioneel wees. Ek besluit toe dat ek gaan uitvind wie/waar ek my familiewapen en my geboorteplaas kan laat ontwerp en aankoop. Daar is wel sulke plekke:
custom@diamonddotpaintings.co.za




Ek het hul gekontak, foto's aangestuur en siedaar. Ek ontvang, net soos in die winkels beskikbaar, die prent, met "diamonds" en al, maar volgens my persoonlike voorkeure.

- Die Rademan familiewapen
  Ek voltooi die projek in 2 weke. Die prent het in totaal 36 000 "dots". Dit is spesiaal en hang nou geraam in my huis.
- My geboorteplaas: Lovedale
  Met die werk en voltooiing aan die projek het my gedagtes ver onthou-paaie geloop. Dit was wonderlik, tog ook emosioneel. Ek werk aan die prent vanaf 1 Julie '22. In totaal plak ek 160 000 "dots". Geraam hang die pragstuk ook in my huis. My "Mancave" (kuierplek) het ek natuurlik vir dié periodes omskep in 'n: "Artist Studio". (Ha, ha ☺) want 'n mens kan nie elke dag oppak nie.



**TUINWERK**
Ek doen nog self my tuinwerk en geniet my gate uit.

**ANDER**
Natuurlik eis Marietjie ook haar pond vleis. Ek help haar met allerlei goedjies. Maak bv. voetstukkies vir haar brei-poppe, rakkies om poppies op uit te stal, ens.
Só gaan my dae dan kreatief verby. Geen misverstand nie…. soms oefen ek ook om te "pensioen"…. dan doen ek net mooi niks nie….

# NOU…


nou toe

**Afrikaanse spreuke en uitdrukkings**:

Elke dag 'n draadjie is 'n hempsmou in 'n jaar.

**Betekenis:**

Afrikaans: Deur stelselmatig te werk, rig 'n mens baie uit.
Engels: Every little makes a mickle.




**TEGNOLOGIE-BROKKIES (Albert Behrens)**

*Daar is tans 243 inwoners op die Inwoners-groep. Ek dink baie van ons hier by Negester raak uiters gefrustreerd wanneer iemand 'n versoek rig op die groep, terugvoering verwag en ook vra dat die terugvoering direk aan hom/haar gestuur moet word. Indien die terugvoering nie aan die spesifieke persoon gestuur word nie, sal elkeen op die groep se selfoon dus 242 keer 'n luitoon gee wanneer 'n boodskap afgelewer word.*

**Hoe stuur ek dan terugvoering op 'n boodskap aan die spesifieke persoon wat dit vra uit die groep?**

*1. Lank-druk op die WhatsApp-groepboodskap, 2. druk op die drie kolletjies, 3. kies "Privaat"-opsie en 4. boodskap sal slegs in daardie kontak se venster verskyn waarop jy geantwoord het. (Proses op IPhone kan verskil)*



## VARS GEDRUK…

Dit het so lekker gereën. Net die regte weer vir 'n goeie boek en lekker koffie. Teen die tyd is almal al besig om reg te maak vir die Kersvakansie en families wat kom kuier. Ons boek wat ons gaan bespreek is: "Gesant van God". Die aangrypende ware verhaal van broer Yun, 'n Chinese Christen.

Broer Yun se verhaal lê die waarheid bloot oor die situasie van die Christendom in China, waar wrede vervolging steeds deel van die daaglikse werklikheid vir baie miljoene mense is. Maar in plaas van om te fokus op die baie wonderwerke of ervarings van bittere lyding, verkies broer Yun om die wonderwerklike karakter en goedheid van Jesus uit te lig.



Die ware verhaal van broer Yun ruk 'n mens aan die hart. Dit raak jou diep en rig 'n duidelike uitdaging om die kruis op te neem en Jesus te volg.

Moenie vergeet om jou boek in te pak as jy reis nie!

Groete van stoep tot stoep.

***Carol***


**Rocking Horse Kwekery**

Wide range of trees, shrubs and succulents

Pop in to see our range

**SCHOEMBIE GARDENS**

The lawns are all looking awesome after the toppings.

*Now let us help you sort the beds out.*

Labour is R 100 per hour (team of 3)

Gutter cleaning @ R100.00 per hour

Contact: 064 318 0168 /064 342 3376


# Rusplek langs die pad

Onder 'n koedoebessieboom op die Duiker wandelroete, Is 'n bankie geplaas in die skadu, 'n rusplek vir moeë voete. Of vat jou piekniekmandjie, twee glase en iets om te drink, Gaan sit daar en verwonder jou aan hoe die son wegsink. Wat ookal jou rede om bietjie daar te gaan luier,

Ons hoop jy geniet die kuier!

Bankie geskenk deur die Sosiale Belangegroep.

*Derek Grobler*












GESONDHEIDSORG

# Wie kan ek kontak?

| | | |
|---|---|---|
| KLINIEK | 014-736-3364 | 014-736-2770 |
| Nood-nommer | | 072 312 3499 |
| Berading daagliks beskikbaar per afspraak (Annatjie Moore) | | 014-736-2580 |
| GROEPWERK (Annatjie Moore) | 014-736-2580 | |
| Inligting oor Kansa (Nellie Buitendag) | 014-736-2725 | |

| Maak asseblief afsprake | | |
|---|---|---|
| **Maandae – Vrydae** | 7h30-9h30 | Kliniek |
| **Maandae** | 7h30-9h30 | Voetsorg |
| **Dinsdae** | 7h30-9h30 | Haarsorg |
| **Dinsdae** | 7h30-9h30 | Oudioloog (Elke 2de Dinsdag) |
| **Vrydae** | Middag | Fisioterapeut |

# Skopsuile



Namens die Skopsuil Parlement wil ons graag vir ieder en elk wat 'n bydrae gemaak het deur die jaar, van harte bedank. Die kampe was maar min, aangesien die kampeerders se wiele mos altyd aan die rol is. Die kampe wat ons wel kon inpas was baie goed bygewoon en uit die boonste rakke. Vriendskappe is gesmee en ons het heerlik saam gekuier, gelag en geëet.

Ons strewe volgende jaar is om defnitief meer kampe in te pas en glad nie op te hou nie! Enigiemand kan by ons aansluit, geen fooie. Tent, boswa, woonwa, ryhuis, almal is welkom.

Ter inligting wil ek net graag ons kabinet van ministers aan Negester voorstel:

Minister v Polisie: Willem Pieterse
Minister van Musiek: Lourens Kemp
Minister van Voëlkyk: Gerhard Vosloo
Minister van Bome/omgewing: Johan Heydenrych
Minister van Vuurwerke: Ben Ras
Minister van kommunikasie: Elma Appel
Minister van Korrupsie: Rika Heydenrych
Minister van Kampe: Annetjie Ras (gaan moontlik verander na Justisie)
Minister van Finansies: Patrys Cronje
Minister van Sport: Tommy Cronje



Ek wil graag net namens al die Skopsuile vir almal 'n Geseënde Kersfees en baie voorspoedige Nuwejaar toewens.


Mag die jaar wat voorlê met tonne seëninge besaai wees.

*Dawid Appel*
(President)






# Reënval November






# Voël Van die Maand

Bandstertgriet
Eng: Bar-tailed Godwit
Limosa lapponica



Hierdie maand skryf ek oor 'n spesie wat nie normaalweg in die omstreke van Negester voorkom nie. Dit kom wel in die somermaande in Suid Afrika voor en baie besondere inligting oor die spesie het onlangs aan die lig gekom.
Ons het al meermale verwys na die migrasie van voëls. Dit is in elk geval 'n konsep waarmee meeste van ons bekend is, hoofsaaklik oor die migrerende swaels wat elke jaar Europa toe trek. Inligting oor die presiese aard en roetes wat migrerende voëls volg was nie volop nie. Moderne tegnologie in die vorm van GPS senders maak dit nou moontlik om die voëls te volg. Danksy hierdie sendertjies wat so min as 5gr weeg en sonkrag gedrewe is, leer ons jaarliks al hoe meer oor alle aspekte van die migrasieroetes. Van hierdie roetes is meer as 13000 km, in een rigting en jaarliks vlieg die voëls dan terug waar hulle vandaan kom om te broei. Sommige voêls, soos die Oostelike Rooipootvalk wat in die Noorde van China broei en dan vir die somer Suid-Afrika toe kom se reis vind in fases plaas. Hulle vlieg aanvanklik teen die Ooskus van Afrika op en stop van tyt tot tyd om eers weer vet aan te sit voordat hulle die volgende fase aandurf. Ander soos hierdie Bandstertgriet vlieg sonder om te stop tot by hulle bestemming.

'n Onvolwasse Bandstertgriet

Die Bandstertgriet kom ook in Suid Afrika voor. Hoofsaaklik teen die Suid- en Weskus maar van tyd-tot-tyd word van hulle by damme in die binneland opgemerk. 'n Volwasse voël weeg 200-300 gram, is ongeveer 40 cm lank van die punt van sy snawel tot by die punt van sy stert en het 'n vlerkspan van 72 cm. Hulle broei in Skandinawië, Noord-Asië en Alaska en migreer jaarliks na Afrika, Europa, Australië en Nieu-Seeland. Hulle eet insekte, weekdiere en skaaldiere wat hulle in die vlak water van strandmere en damme vang.

Van hulle migreer jaarliks vanaf Alaska na Nieu-Seeland en Australië. 'n Afstand van meer as 13000 km sonder om te stop, te eet of te rus. In die afgelope paar jaar is van die voëls met GPS-senders toegerus. Een van die volwasse voëls, met die kode 4BBRW, het tot dusver die rekord vir die langste non-stop vlug gehou. Hy het in 2020, 13050km of 8109 myl gevlieg. In 2021 was sy roete effens korter nl 12854 km (7987 myl).

Die roetes en vlug van jong voëls is egter onbekend en daarom is daar vanjaar jonges gering in 'n studie van die U.S Fish and Wildlife Service in samewerking met die Max Planck Instituut en die U.S Geological Service. Een van die jonges met die nommer B6, is tussen 4 en 5 maande oud en dit sou sy eerste vlug wees. Normaalweg vertrek die jong voëls tot soveel as ses weke na hulle ouers omdat hulle eers nog vet moet bysit vir die lang tog. Dit is 'n wonder dat hulle weet waarheen om te vlieg, maar meeste van hulle beland uiteindelik in die area waar hulle ouers is.




Hierdie outjie, B6, het op 13 Oktober 2022 uit Alaska vertrek en op 25 Oktober 2022 na 11 dae en 1 uur in Tasmanië, net Suid van die Australiese vasteland, geland. Hy het dus ononderbroke gevlieg vir 265 uur en 'n afstand van 13575 km of 8435 myl afgelê. Dit is die langste bekende afstand van enige voël op rekord.

Net nog 'n bewys van die wonder van die Skepping!

Bronne geraadpleeg:
Wikipedia
Sasol Voëls van Suider-Afrika 5de uitgawe
Sappi Birds of South Africa
Robert Birds of South Africa
Birdwatchingdaily.com
Wild Discovery

Jan van Biljon

# KORTTERMYNVERSEKERING VIR AFGETREDENES

**AANGEBIED DEUR NSB**



# WIE IS NSB?

NSB is 'n korttermynversekeringsmakelaar wat reeds meer as 24 jaar na kliënte se belange omsien.

Ons is kontraktueel met 12 versekeraars verbind om te verseker dat ons verskeie opsies kan bied om elke klient se risikoportefeulje te pas.

Ons lewer persoonlike diens en waarborg gemoedsrus.

Gespesialiseerde produkte en voordele vir u as afgetredenes.

**ONS WIL GRAAG MET U 'N AFSPRAAK REËL OM U PORTEFEULJE TE HERSIEN.**

Vir 'n gratis kwotasie SMS/WhatsApp gerus u naam en nommer na 066 286 0274.
Voeg asb by u boodskap Negester.

**TROTS GEASSOSIEER**

nsb
NATIONAL SATELLITE BROKERS
SHORT TERM INSURANCE BROKER

Glen Manor Office Park, Building 5, Office2
138 Frikkie De Beer Street, Menlyn, Pretoria, 0063
Tel: +27 (0)86 184 3672
Epos: info@nsb.co.za
www.nsb.co.za
Volg ons op Facebook en Twitter
Gemagtigde verskaffer van finansiele diënste, FSP no: 16908

# Piet en Wilna van Zyl op die bank met Sandra





Wat ŉ heerlike kuier by Piet en Wilna, pa en ma van twee pragtige kinders, Thys en Elmien, en ouma en oupa van vier kleinkinders. Hul het by ŉ vriend van ŉ vriend, van Negester gehoor en soos Wilna sê, die dag toe hul by Negester se hek inry het sy gevoel sy is by die huis. Met Thys se eerste kuier sê hy vir die twee seuntjies: "Klim op julle fietse en begin soek." Hul vra "Wat moet ons soek?" Thys sê "grafte", hul vra "Wie se grafte?", hy sê "Adam en Eva se grafte, want dié is die paradys!"

Piet is in Pietermaritzburg gebore en Wilna in Pretoria. Albei was onder andere in Laerskool Pretoria Oos, min wetende dat hul lewensmaat iewers op die skoolterrein rondspeel. Piet sluit sy skoolloopbaan by Afrikaanse Hoër Seunskool af en Wilna by Afrikaanse Hoër Meisieskool.

In die klipkerk Hartbeesspruit Gemeente in Pretoria, was hul saam in die KJA en betrokke in die jeugaksies van die gemeente. As Tukkies studente was hulle lede van die Exploratio vereniging. Piet het verskeie staptogte voltooi en het hulle saam die roete van Port St Johns na Port Edward gestap. Piet swot Landbou-ingenieurswese en Wilna doen ŉ BA met Staatsleer en Internasionale politiek as hoofvakke. Sy verwerf ook ŉ honneursgraad in die studierigting. Soos Piet sê, na hul troue: "toe is ons die vlaktes in".

Piet begin as student by Landbou Ingenieurswese in Silverton werk. Sy beroepsreis neem hom na Vetsak-besproeiing en later werk hy vir Raadgewende Ingenieurs. Daarna begin hy sy eie onderneming saam met twee ander Landbou Ingenieurs. Na ŉ tweejaar betrokkenheid by ŉ boerdery, sluit hy aan by Lydenburg Voorspoed Koöperasie waar hy die besproeiingswinkel en later die Meganisasie-departement moes bestuur. Om homself beter te bekwaam doen hy ŉ vier jaar MBL graad deur Unisa, en hy skuif na die Gazankulu Ontwikkelings-korporasie in Giyani in 1990. Hier woon hul in die klein blanke woonbuurt, Kremetart. Daar was ŉ laerskool, swembad, saal, snoepie en tennisbane. In 1996 verskuif hul na Suidwes Landbou, in Leeudoringstad as Meganisasiebestuurder. Hy sluit sy loopbaan af by NWK in Lichtenburg waar hul 13 jaar gebly het. Piet is ŉ bekwame persoon met ongelooflike lewenservaring. Hy doen pragtige houtwerk, speel tafeltennis, maak musiek op die kitaar en hou hom besig om familiestambome na te vors en op te stel.

Wilna was bevoorreg om ŉ tuisteskepper te wees. As gevolg van die feit dat hulle grootliks vêr van groter sentrums was, het sy ook baie tyd en kilometers spandeer om die kinders by hulle verskillende aktiwiteite te besorg. In die verskeie dorpe waar hulle gewoon het, het sy haar volle gewig in die verskillende skole en gemeentes ingegooi. Soveel so, dat sy na Piet se aftrede ook "die leisels neerlê". Sy is lief om naaldwerk te doen en het onder andere vir al vier kleinkinders die mooiste komberse gebrei. Wilna speel tennis, swem, doen lyndanse, skakel in by die handwerkgroep en geniet die biokinetika.



Piet en Wilna het hul wittebrood aangedurf in Krappie, ŉ Renault 4L, met ŉ 850cc enjin. Die vet moes maar ingetrap word by die stopstrate sodat die 6 Volt battery darem die flikkerligte kon werk! Die wittebrood-ekskursie het begin in Pretoria, met ŉ eerste stop by die Royal Swazi Sun Hotel, oor die Drakensberge, verby Durban, deur die Transkei en Ciskei tot in Knysna. Daarna deur Meiringspoort, terug tot in Pretoria.




Veel later as middeljariges, het hul die Oranjerivier in rubberbote saam met ŉ groep vriende van Lichtenburg aangedurf.

Wat ŉ voorreg om by Negesterre te kan kuier, en te kan deel in hul lewensverhaal en lewenservaring. Soos Wilna sê: "Negester is ŉ put vol kennis, wysheid, vaardighede, ervaring en geleenthede." Mag elkeen drink uit die put.

* * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * *

# Spreuke uit C.J. Langenhoven…



Waardes:

"Skat jou bekwaamheid te min om mee te spog en jou karakter te hoog om mee te speel. Op die manier sal jy jou selfrespek bewaar en die respek van jou ewemens verseker."

# Uit Grootjie se kombuis…

Voor in die resepteboek die datum: 2 Junie 1956
Ek blaai deur die effe vergeelde bladsye in die boek. Baie interessante resepteboek, met nie net resepte nie, maar heelwat ander inligting om die werk van die "iemand" in die kombuis te vergemaklik. So kom ek op die volgende af…

**<u>Hoe toets 'n mens die tempertuur in jou oond?</u>**
Wag voor jy antwoord!



'n Oond sonder 'n temperatuur- of termometer.

Ek het nog nie so daaraan gedink nie, want hedendaags stel ons die temperatuurknoppie…die rooi liggie gaan aan…die rooi liggie gaan af…jou oond is gereed!

Hier kom dit!
Sprinkel 'n lepeltjie meelblom in 'n vlak pan, of sit 'n stukkie dowwe, wit papier in die oond.

- <u>Baie warm</u> oond – papier/meelblom donkerbruin in 3 minute.
- <u>Warm</u> oond – papier/meelblom donkerbruin in 5 minute.
- <u>Matige</u> oond – papier/meelblom goudbruin in 5 minute.
- <u>Stadige</u> oond – papier/meelblom ligbruin in 5 minute.

Ek wonder wie van ons sou die tyd of geduld hê om **dié** proses te volg?

Ons dink met nostalgie aan ons ma's, oumas en oumagrootjies wat kon spog met tuisgebak uit die boonste rakke! Almal kry dit nie eers in ons tyd reg met allerlei moderne kombuisgeriewe nie.

Veels geluk aan ons geliefde baasbaksters/ kokke uit vorige eras.
**~Gusta~**

* * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * *

**…Lag … traan …**

Die redaksie van Sterrelig is bly saam met die inwoners en personeel met wie dit voorspoedig gaan.
Ons harte gaan uit na die mense wat tans in nood verkeer.





# Tafeltennis Braai 26 Oktober 2022



Op 26 Oktober 2022 lede het 20 van die tafeltennisgroep (gades ingesluit) bymekaar gekom vir hul jaarlikse funksie wat in die vorm van ʼn braai gehou was. Die weer het mooi saamgespeel en die groep het ʼn pragtige sonskyn middag beleef. Vlytige hande (dames) het vingerlek-lekker-pap en sous sowel as slaaie saamgebring en die knoffel/biltong broodjies was ʼn bonus daarby. Daar was lekker gesels en feite, staaltjies en stories is uitgeruil. Heerlike sappige skaaptjops en wors is saam met die slaaie en pap/sous bedien.



Die groep spelers het ʼn baie besonderse, hegte band begin vorm waar spelers gereeld op Dinsdae- en Donderdae-middae om15:00 bymekaarkom om te speel. Spanne word gereeld geruil tydens die speelsessies en dit kan soms kompeterend raak, alhoewel daar meeste van die tyd gelag en geskerts word. Nuwe spelers is altyd welkom om te kom deelneem aan die spel en kan kontak maak met Piet v Zyl, wie die koördineerder van die tafeltennisgroep is.



Vir die wat meer wil weet oor tafeltennis sluit ons ʼn paar indrukwekkende feite in oor Tafeltennis:

- Die spoed van die balletjie kan by gevorderde spelers tot 160 km/h beweeg en met ʼn spin toegepas op die bal, tot 9000 rpm meebring.
- Wedstryde is ʼn hoë impak van konsentrasie en beweging en duur gemiddeld 30 minute lank.
- Die rekord van balle heen-en-weer-slaan is 173, deur Jackie Bellinger en Lisa Lomas (1993)
- Daar is 14 verskillende houe wat geïdentifiseer is wat die tipe spin, krag en plasing in ag neem.
- Wêreldlande wat tel onder die sterkstes in die sport is: China, Suid-Korea, Duitsland, België en Swede.



Groete tot volgende keer

Willie van Heerden (202)

* * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * *

# Nou gaan ons braai



## Janfrederikstraat

Die naam van Onderdorp-straatbraai is verander na Janfrederik-straatbraai nadat daar mooi duidelike straatname by ons aangebring is.
Die laaste braai van die jaar is op 10 November gehou. Groot was ons verbasing toe 13 uit 15 van die huise se inwoners kon bywoon – 26 vriende.
Daar is heerlik gesellig gekuier en geeët en volgende jaar maak ons weer so. Na so ʼn lekker kuier en samesyn het ons weereens besef dat dit is waarvoor vriende daar is





# Boombrokkies

**Die Rooi-ivoor**

Die Rooi-ivoor, red ivory (Berchemia zeyheri) is in Maart 2022 as 'n beskermde boom verklaar. 'n Hele paar Negesterre het al hierdie mooi boom in hulle tuine geplant. Die jong boompie op die foto is Jan en Trudie de Beer se geskenk aan die boomtuin oorkant die jukskeibane en dis op die Omgewingsdag 2020 geplant. Die groot boom groei op 'n plaas so 'n paar kilometer noord van Negester. Rooi-ivoor kan maklik van saad gekweek word.



Die blomme is klein, groengeel en die vrug is 'n rooipers bessie wat eetbaar is en vir maande gestoor kan word om 'n dik, bruin suikeragtige massa te vorm.
Die hout is besonders, swaar en dig en is 'n ongewone helderpienk tot rooi kleur. Ornamente en selfs meubels word hiervan gemaak.
Verpoeierde bas word teen hoofpyn gerook en 'n ekstrak van die harthout verlig glo rugpyn. Rooi-ivoor is tradisioneel die koninklike hout van die Zoeloes.

Leonora

# Krinkhout staproete:



Laasmaand was daar so mooi artikel oor die Krinkhoutboom en oor hoe bevoorreg ons is om van dié bome op 9* te kan hê. Ek het met my stappery hier in 9* afgekom op Ellis en sy vrou, Lida, waar hulle besig was om die "Krinkhout staproete" aanwysingsbord te monteer. Ellis is ŉ handige man wat baie van sy eie tyd en soms ook uit sy eie sak gee, om herstelwerk bv. by die swembad te doen, beskermingsdraad om die boompies aan te bring… om net 2 goed te noem. Hy sal altyd gesien word waar hy stap met sy lang stok en rugsak met gereedskap in. Hy is ook betrokke by die Omgewingsbewaring (OBG) groep en ek is seker hy verrig daar ook goeie werk. Gedurende die skoolvakansie was hy en ŉ paar kleinkinders wat hier gekuier het, waarvan een syne is, een oggend vroeg al besig om werkies te doen.



Ek is nie persoonlik betrokke by die OBG nie, maar wil graag sy goeie werk uitlig. So kan ons almal op ons eie manier iewers ŉ bydrae lewer.
Baie dankie Ellis vir jou tyd wat jy aan 9* afstaan. Doen so voort.

Derek Grobler

## ONS Sê TOTSIENS AAN KOBUS DE KOCK

Op 14 November 2022 het ons met groot hartseer skielik totsiens gesê vir Kobus. Kobus en Erika is inwoners van Njalastraat vir die afgelope 5 jaar. Kobus was ŉ groot golfspeler en fietsryer en sal ook daar ŉ leemte laat.

Hy word oorleef deur Erika, kinders, skoonkinders, kleinkinders en uitgebreide familie en vriende. Kobus sal altyd in ons gedagtes wees en is ŉ groot verlies vir inwoners in Negester, asook sy familie en vriende.

Ons wens vir Erika, haar kinders en familie sterkte toe in hierdie hartseer tyd.



# Die bydrae wat die Ons Winkels maak

Geskryf deur Mej. Marné Du Plessis

Solidariteit Helpende Hand se Ons Winkels is 120 tweedehandse skenkingswinkels wat landswyd op verskeie maniere 'n groot verkil maak in talle mense se lewens. Dis hoekom ons graag na die winkels verwys as 'n baken van hoop in die gemeenskap waar dit geleë is. Die Ons Winkels is 'n volhoubare konsep omdat die groep maandeliks fondse genereer waarmee Solidariteit Helpende Hand wonderwerke kan verrig. Hier is meer inligting oor die Ons Winkels se bydrae tot die verskil wat Solidariteit Helpende Hand (SHH) in gemeenskappe maak.

DIE HELPENDE HAND STUDIETRUST

Die Ons Winkels dra by tot die Helpende Hand Studietrust (HHST) wat rentevrye studielenings bied aan behoeftige Afrikaanse studente wat anders nie sou kon bekostig om te gaan studeer nie. Die HHST is 'n inisiatief van Solidariteit Helpende Hand en is 'n geregistreerde openbare weldaadsorganisasie. Die HHST administreer tans meer as 200 onafhanklike studiefondse wat deel is van die Studietrust namens verskeie donateurs. Die HHST het reeds meer as 11 000 toekennings aan 4 750 behoeftige studente gemaak. Elke student moet jaarliks aansoek doen om 'n lening, want lenings word nie outomaties toegeken vir die volle duur van 'n student se kursus nie. Dit beteken verskeie lenings kan aan 'n student toegeken word afhangend van die duur van hulle kursus.

HELPENDE HAND MAATSKAPLIKEWERKDIENSTE-AFDELING

Helpende Hand het maatskaplike werkers in elke streek in die land. Hulle help om maatskaplike kwessies te verlig deur doelgerigte maatskaplike oriëntering, opleiding en ondersteuning aan Helpende Hand se vrywilligertakke te bied.



Hulle lewer ook die volgende kerndienste binne die Helpende Hand-raamwerk: professionele hantering van maatskaplike aangeleenthede in samewerking met geregistreerde kinderbeskermingsorganisasies, evaluering van hulpversoeke deur middel van 'n omvattende assesseringsproses, en aanbevelings wat volhoubare oplossings bied. Helpende Hand se maatskaplike werkers is vir ons baie belangrik omdat elkeen van hulle sulke wonderlike werk doen in samewerking met SHH se streeksorganiseerders en vrywilligertakke.

Helpende Hand het verskeie projekte wat ons baie na aan die hart lê en wat op verskeie gebiede 'n groot inpak maak in mense se lewens. Maar sonder ons getroue ondersteuners en vrywilligers reg oor die land sou volhoubare ontwikkelingsprogramme en -projekte, opleiding, netwerkvorming en hulpbronontginning nie vir SHH moontlik gewees het nie. Dankie dat jy ons ondersteun en 'n bydrae lewer om 'n beter toekoms te skep.

*Wil jy graag jou naaste Ons Winkel besoek? Gaan na ons webtuiste vir 'n lys van al die Ons Winkels.*

www.ONSWINKEL.co.za

Deel ook jóú "memories" met die inwoners.



"Memories" vasgevang in 'n foto vir eendag se onthou . . .

# Deur my Ne9ester kameralens

# KOM NEEM DEEL

## Blokraaisel

**DWARS**

2 Epos om in Sterrelig te adverteer: …@gmail.com?

3 083 660 0319?

5



6

?

7 Fisioterapeut?

10 Die wynvriende het bymekaargekom om hierdie keer iets anders as "wyn" te proe?

11

?

**AF**

**1**

?

4 Kragtens die Wet moet mediesefondse betaal vir die behandeling van ŉ spesifieke lys van toestande of prosedures?

6 Hy moet terug gaan na sy biologiese ouers toe?

8 Oudste Negester?


9 Waar het Albert se onderwysloopbaan begin?

12 Nuwe direkteur van erf 401?


13 Koos Lotheringen?

14 Nuwe ouditeur?


15 Die bane se plaveisel is voltooi?




Baie geluk aan ons wenners!!







Neem ŉ foto van die voltooide blokraai en Whatsapp na 0824604570. Onthou om jou naam en huisnommer by te voeg.

## SPORT/ONTSPANNING

| Tyd | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag |
|---|---|---|---|---|---|
| 06:00 – 06:45 | | | | Manne bid-uur | |
| 7:00 – 9:00 | Jukskei | Jukskei | Jukskei | Jukskei | Jukskei |
| 8:00 – 9:00 | Biokinetika | Pilates | | Biokinetika | Pilates |
| 10:00 – 11:00 | | | Lyndans | | |
| 14:00 – 16:00 | | Naaldwerk | | | |
| 15:00 – 15:30 | Water aërobies | | | Water aërobies | |
| 15:00 – 17:00 | | Tafeltennis | | Tafeltennis | |

**Sameroepers: Laat weet asb. vir Sterrelig indien tye van aktiwiteite verander.**

# Slangstories

Numeri 21:4-9

Baie interessant:



In die Engelse vertaling word die slang ŉ boomslang genoem en in die Afrikaanse vertaling word dit ŉ koperslang genoem. In die tyd van Moses was brons algemeen in gebruik. Hulle het altyd ŉ groot voorraad koper by hulle gehad vir die maak van voorwerpe vir gebruik in die tabernakel. Waarskynlik is die slang in die teksgedeelte die Egiptiese kobra. Dit is in Israel bekend as die "brilslang" vanweë die twee kolle op die agterkant van die bakkop. Moses was baie bekend met die slang, want dit was een van die simbole van die Farao's.

Ps. 58:5-6

Slangbesweerders het nooit adders in die mandjies nie. Hoekom? Adders is veels te onaktief en te stadig. Hul gebruik kobras, wat reageer op beweging – Dus: Waar die slangbesweerders ter sprake kom, moes die slang eerder ŉ kobra gewees het, en die Hebreeuse woord cef'a, moes eerder met kobra vertaal gewees het.

(Erkenning: Bybelse Omgewing: L Smith en J Botha)
~Gusta~

# Taalgoeters

Ek wil verneem of jy/julle die ou woord DOOIMAN ken. Dit is die naam wat die ou boere gegee het aan die lang, swaar klip wat ŉ entjie agter die draad se trekpaal in die grond begrawe is. Die ankerdraad van die trekpaal is dan aan die dooiman vasgemaak sodat die trekpaal nie skeef getrek word deur die styfgespande draad nie, want die dooiman kan nie nader getrek word deur die spanning van die draad nie.

**Eers iets oor stopwoorde en stopsinsnedes.**

Stopwoorde is iets wat net in spreektaal voorkom. Dit is woorde soos: "Jy weet", meestal klink dit soos jeweet en dit kom soms ŉ paar keer in ŉ kort gesprek voor. ŉ Ander irriterende niksseggende frase wat ek nou-die-dag in ŉ radio-gesprek tot vyf keer in 'n minuut ot twee gehoor het, is. "aan die einde van die dag". Deesdae ook sommer "op die einde van die dag." Dit is asof die spreker nie besef hoe swak dit klink nie.

Wie ken nog die spreekwoord: "As puntjie by paaltjie kom"? Dit beteken as die saak by sy einde kom. Die puntjie is die kolletjie op die i, d.w.s. nou is dit die laaste van die saak (die skryfwerk).

ŉ Mede-Negester vra my of die gebruik van die intensiewe vorm van mooi (skoon, Ned schoon) vir enige saak soos `n natuurtoneel in orde is, dus bv. ŉ beeldskoon of beeldskone uitsig of toneel. Vir my gevoel het beeldskoon eintlik net betrekking op die mens en dan seker veral beperk tot dames omdat die vergelyking verwys na ŉ mooi beeldhouwerk. Vir ŉ mooi landskap sou `ŉ wonderskone toneel seker beter pas.

Groete
**Henk Kruger**

# Ne9ester Klein-Kariba Komitees

**SORGDIENSTE**
Direkteur: Volle direksie
Sameroeper: Annatjie Moore

**FINANSIES**
Direkteur: Johan van Heerden
Sameroeper: Chris Schoeman

**OMGEWING**
Direkteur: Johan van Heerden
Sameroeper: André Greyling

**NOOD & VEILIGHEID**
Direkteur: Chris Heyman
Sameroeper: Ben Meyer

**ESTETIES**
Direkteur: Johann Marx
Sameroeper: Dawie van Niekerk

**INSTANDHOUDING**
Direkteur: Johann Marx
Sameroeper: Dawie van Niekerk

# Ne9ester Klein-Kariba Belangegroepe

**ONDERSTEUNING: LIEF EN LEED**
Sameroeper: Vakant
KANSA: Nellie Buitendag
Geestelike ondersteuning: Herklaas Viljoen

**MANNE BYBELSTUDIE**
Sameroeper: Johan Nel

**SOSIAAL**
Sameroeper: Derek Grobler
Lyndans: Annette Swart
Biblioteek: Mary-Ann Venter
Handwerk: Rita Coetzee
Markdag: Annatjie Ras
Kampeer (Skopsuile): Dawid Appel
Wyngilde: Alida Meyer

**SPORT**
Direkteur: Johan van Heerden
Sameroeper: Vakant
Fietsry: Stephanie de Haas
Tennis: Wilna van Zyl
Rolbal: Leon Raath
Gholf: Coenie Louw
Jukskei: Hannes du Plessis
Putt-Putt: Chris Rademan
Tafeltennis: Piet van Zyl
Pilates: Trish Fitzpatrick
Biokinetika: Hannie Schoeman
Visvang: Cassie Walkers
Wateraerobics: Charlotte Burger

**KOMMUNIKASIE**
**STERRELIG:**
Redakteur: Ria Fourie
Bemarking & Finansies: Nellie Buitendag
Webblad: Angus Hughes




BELANGSTELLENDES WORD UITGENOOI OM DEEL TE WORD VAN DIE ONDERSKEIE GROEPERINGS WAAR DAAR VAKATURES IS. KONTAK ASB DIE BETROKKE DIREKTEUR OF SAMEROEPER.